



FPD

Technical & Support Services (Edms) Bpk

Cento Building, Bella Rosa Village, Durban road, Bellville, 7530.

Posbus 5202, Tygervalley, 7536

Tel + 27 (0)21 914 4441 Faks + 27 (0)21 914 4558

E-pos fanie@fpd.co.za

BESTE PRAKTYKE VIR SAADPRODUKSIE

1. VOORBEREIDING VAN MOERE

- 1.1. Plant fisiologies ouer moere aangesien meer halms per hektaar benodig word om 'n grootte verspreiding na die kleiner kant te verseker.
- 1.2. Verhoed blootstelling van spruite aan luise om die risiko van virusbesmetting te beperk.

2. PLANT

- 2.1. Beplan om 200 000 - 250 000 halms per ha te vestig.

3. PLAAGBEHEER

- 3.1. Die doop van moere is 'n hoë risiko. Behandel doopmengsel met 150 ml sporekill (kwatranere amonium) per 100 liter water om opbou van organismes te beperk.
- 3.2. Die sny van moere kan net oorweeg word onder koel planttoestande. Ontsmet messe met 2% sporekill oplossing na elke snit.
- 3.3. Doen bespuitings met tin-verbindinge teen die einde van die seisoen om besmetting van knolle deur vroeë- en laatroes spore te beperk.
- 3.4. Behandel grond en of moere indien Rhizoctonia voorkom.
- 3.5. Aalwurm
 - 3.5.1. Bemonster grond vir die voorkoms van vrylewende aalwurms terwyl die vorige gewas nog leef.
 - 3.5.2. Beheer aalwurm deur met plant die grond te behandel en volg op indien nodig.
 - 3.5.3. Monitor aalwurm gedurende die seisoen deur 14 dae na opkoms monsters te laat ontleed en daarna elke 3 weke.
- 3.6. Hanteer knolle so droog as moontlik om die verspreiding van sagtevrot bakterië en swamme te beperk.
- 3.7. Ontsmet alle toerusting na hantering van 'n lot om die opbou van siektes te beperk. Store en koelkamers moet ook ontsmet word wanneer moontlik.
- 3.8. Verwyder alle grond en organiese materiaal op toerusting voor na die volgende land beweeg word om die verspreiding van Gouesist Aalwurm te verhoed.
- 3.9. Waak teen die voorkoms van silwerskurf/antraknose sodat maatreëls in plek gestel kan word om die verspreiding daarvan te beperk.
- 3.10 Begin eers oes na behoorlike skilset ongeveer 14-21 dae na loofdoed.
- 3.11 Knolle behoort so gou as moontlik na skilset geoes te word om die nadelige effekte van grondgedraagde siektes te beperk.

4. OES

- 4.1. Die risiko vir meganiese skade aan knolle raak veral hoog indien knolle hoër as 30 cm val gedurende enige stadium van hantering.
- 4.2. Verseker dat genoeg grond aanvanklik oor die uithaler mat beweeg om kneusing daar te beperk.
- 4.3. Maak seker geen meganiese beskadiging vind tydens verpakking plaas nie.

5. ALGEMEEN

- 5.1. Doodspuit van aartappellowwe met parakwat (Gramoxone) kan knolle beskadig indien plante onder vog en hitte stremming is.
- 5.2. Beperk blootstelling van knolle aan direkte sonlig tydens oes en hantering. Knol temperature > 30 °C sal kwaliteit benadeel.

Let daarop dat die inligting in hierdie dokument in goeder trou gegee word as bestuurs hulpmiddel. Finale verantwoordelikheid rus egter by die produsent en daarom kan die FPD Groep geen aanspreeklikheid aanvaar vir verliese wat mag voorkom deur die gebruik van hierdie inligting nie.